Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE KASTEEL „DE GOEDE HOOP" (1921-1923): DIE VERHAAL VAN 'N REDDINGSDAAD

*Die Kasteel* De Goede Hoop *is ongetwyfeld die belangrikste historiese monument waaroor ons vandag beskik. Nie alleen was dit gedurende die Nederlandse en Britse koloniale tydperke in ons geskiedenis belangrik as 'n setelplaas vir siviele en militêre bestuur nie, maar ook is dieselfde vyfhoekige militêre bouwerk, militêr-histories beskou, besonder waardevol.*

*'n Belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Kasteel was 1 Desember 1921. Op hierdie dag het die Unieregering die volle verantwoordelikheid vir die verdedigingsmiddels op land van die Unie van Suid-Afrika aanvaar. Dieselfde was die geval m.b.t. alle militêre maatreëls t.o.v. die verdediging en veiligheid van die Unie. Voorheen het hierdie verantwoordelikhede by die regering van die Verenigde Koninkryk berus. Wet no. 33 van 1922, kortliks bekend as die* Verdediging Begiftigings Eiendom en Rekeningwet (Defence Endownment Property and Account Act)[1] *wat op 26 Julie 1922 in werking getree het, het nie alleen hierdie nuwe verantwoordelikhede omskrywe nie, maar o.m. terselfdertyd voorsiening gemaak vir die oorname, deur die Unieregering, van alle terreine en geboue wat aan die Britse Departement van Verdediging behoort het. Daar was ook sekere terreine wat aan die Britse admiraliteit behoort het en by dieselfde geleentheid aan die Unieregering oorgedra is.*

*Waar die Unieregering vanaf genoemde datum ook volledige beskikking oor die* Kasteel de Goede Hoop *gekry het, is reeds voor die tyd die vraag gestel op watter wyse die gebou benut behoort te word.*

*Reeds 'n paar jaar vroeër is, o.m. deur genl. J. C. Smuts, die gedagte uitgespreek om 'n gedeelte van die gebou as 'n museum in te rig[2]. Die regering was van mening dat die Kasteel 'n middelpunt van militêre bedrywighede moet bly, maar dat terselfdertyd die historiese karakter sterker beklemtoon moet word as voorheen die geval was.*

*Gebrek aan departementele huisvesting in Kaapstad het sekere probleme meegebring. Begerige oë is in die rigting van die Kasteel gerig om hierdie vraagstuk op te los.*

*Op watter wyse verskillende rigtings en stromings, uitvloeisels van uiteenlopende gedagtes, op die geskiedenis van die Kasteel ingewerk het tussen 1921 en 1923 vorm die onderwerp van hierdie bydrae.*

## 1

## *PLANNE WAT VOOR EN KORT NA DIE AMPTELIKE OORDRAG BERAAM IS.*

### *VERSOEKE — VRAAGSTUKKE.*

a. *Kol. Tanner stuur kaarte. Die museum-gedagte*


Reeds geruime tyd voordat Wet no. 33 van 1922 van krag geword het, is in regeringskringe die vraag gestel op watter wyse die Kasteel in die toekoms benut moet word.

In hierdie verband het die Sekretaris van Verdediging, sir H. R. M. Bourne, K.B.E., C.M.G., na aanleiding van 'n versoek wat hy aan die Bevelvoerder van die garnisoen, Kaapse Skiereiland, kol. W. E. C. Tanner, C.B., C.M.G., D.S.O., gerig het kort na 20 Mei 1921 'n drietal kaarte van laasgenoemde ontvang waarop, m.b.t. die Kasteel, aangedui is watter gedeeltes van die gebou deur die Departement van Verdediging behou moet word of benodig is.

Onder die toenmalige of toekomstige behoeftes het 'n aantal kantore en buitegeboue, die offisiersmenasie en kwartiere vir ongetroude offisiere geval.

Dan teken kol. Tanner aan:
*Those portions of the Inner and Outer Quadrangles to be allotted for the purpose of a Museum.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




*Plan van Kaapstad en die Kasteel (18e eeu).*
Foto: *Departement van Inligting, Pretoria.*

*The entrance to the Castle (18th century).*
Photograph: *Department of Information, Pretoria.*

Sover nagegaan kon word, het hierdie gedagte teen die einde van 1919 ontstaan. Op dié tydstip het die raad van die *South African National Society for the Preservation of objects of Historic Interests and Natural Beauty in South Africa*, kortliks bekend as die *South African Society*, van Kaapstad, onderhandelings oor die toekomstige bestemming van die Kasteel met die toenmalige Eerste Minister, genl. J. C. Smuts, aangeknoop.

In sy skrywe van 20 Augustus 1921 het die ere-sekretaris, F. W. Glennie, namens die *National Society*, die waarnemende Eerste Minister, Sy Edele, F. S. Malan, aan hierdie besprekings herinner en hom teselfdertyd meegedeel dat sy raad tydens die jongste vergadering 'n mosie aangeneem het waarin die regering in oorweging gegee word om in die toekoms 'n gedeelte van die Kasteel as 'n nasionale museum beskikbaar te stel en in te rig[2].

b. *Huisvesting*

Kort daarna, op 9 September 1921, het die ere-sekretaris van die *South African Society of Artists*, mnr. E. Herbert Bysshe, teenoor die Eerste Minister namens sy bestuur sy voldoening uitgespreek oor die feit dat die Kasteel deur Suid-Afrika verwerf sal word en dit as 'n nasionale monument en 'n *oorlogs*museum behoue sal bly.

Namens sy genootskap versoek mnr. Bysshe die minister of 'n drietal vertrekke in die Kasteel aan sy genootskap beskikbaar gestel kan word. Sedert die totstandkoming van die vereniging van kunstenaars in 1902, beskik die *South African Society of Artists* nog nie oor 'n eie sentrum vir tentoonstellings, lesings, 'n vergaderplek en 'n biblioteekruimte nie. Ook is die genootskap van plan om, indien die versoek gunstig oorweeg sou word, periodieke kunsuitstallings in die vertrekke te reël.

Waar daar, in bogenoemde geval, huisvesting in die Kasteel deur 'n burgerlike organisasie begeer is, is daar omstreeks dieselfde tyd deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste verligting gesoek ten opsigte van die toentertyd bestaande akkommodasie in die voormalige Kaapstadse Hooggeregshofgebou. Daar was 'n gedeelte van die personeel van die Departement van Verdediging in 'n sestal kantore ondergebring. Nou voer die kommissaris aan dat tydens die afgelope oorlog verskeie vertrekke in die Kasteel deur die staf van die *Cape Peninsula Rifles* en personeel van die Betaalmeester-generaal in gebruik was. Die vertrekke, waarvan een die danssaal is, staan nou leeg.

Terwyl daar nie aan mnr. Bysshe se versoek voldoen is nie, het die Sekretaris van Verdediging op 25.10.1921 aan die Kommissaris van Inkomste berig dat die Kasteel op 1 Desember 1921 oorgeneem is en dat daarna die Distrik-Stafoffisier en sy personeel hopelik na die Kasteel oorgeplaas sal word.

Kol. Tanner kon nie hierdie en ander versoeke voorsien het nie op die tydstip waarop hy, in Mei 1921, sy akkommodasieplan aan die Sekretaris van Verdediging voorgelê het. Toe was daar voldoende ruimte vir museum-doeleindes beskikbaar en hy het gereken dat sekere afdelings van die Departement van Verdediging (Leër, Vloot), sowel as die garnisoen, op Wynberg gehuisves sou word.

Nadat die Unieregering die militêre verantwoordelikheid vir die verdediging van die Kaapse Skiereiland aanvaar het en voordat die Britse soldate reëlings m.b.t. hul vertrek kon tref, het die Departement van Openbare Werke op kantoorruimte vir die Distrik-Stafoffisier begin aandring.

In sy skrywe van 21 April 1922 aan die Minister van Verdediging, kol. H. Mentz, D.T.D., beskrywe brig.-genl. Tanner, wat daarna gebeur het, soos volg . . . *following on this came the offices of the Assistant Director of Medical Services, the Pensions Department, Naval Intelligence, Officer Cape Peninsula Rifles, a Drill Hall, offices and stores for the Royal Naval Volunteer Reserve and Naval Cadets.* Vir museum-doeleindes was daar, as gevolg van bogenoemde versoeke, nog slegs beperkte akkommodasie beskikbaar toe die Departement van Openbare Werke gevra het dat alle nog beskikbare ruimte tot sy beskikking gestel moet word om siviele departemente te huisves.

Op hierdie stadium het brig.-genl. Tanner begin protesteer om siviele departemente in die Kasteel, wat 'n militêre basis was, op te neem ookal omdat hy as die beheerder van die Kasteel beskou is en van die standpunt uitgegaan het dat almal wat binne die kasteelmure is, onder militêre kontrole behoort te staan.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za





*Suid-Afrika beskerm sy oudhede. Hierdie gedenkplaat dui aan dat 'n gebou deur die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede, vroeër bekend as die Historiese Monumente-Kommissie, geproklameer is.*

Foto: *Departement van Inligting, Pretoria.*

*South Africa protects its antiquities. This plaque indicates the proclamation of a building by the National Monuments Council, previously known as the Historical Monument Commission.*

Photograph: *Department of Information, Pretoria.*



*Die ingang van die Kasteel (19e eeu).*

Foto: *Departement van Inligting, Pretoria.*

*The entrance to the Castle (19th century).*

Photograph: *Department of Information, Pretoria.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

2

## *AKKOMMODASIE BESKIKBAAR GESTEL VIR 'N MUSEUM*

a. *Die Sekretaris van Verdediging tree op*

Die toestand wat, soos deur brig.-genl. Tanner in April 1921 geskets was, het nie die aandag van die Sekretaris van Verdediging ontgaan nie.

Op 28 November 1921 stuur hy die beskikbare korrespondensie oor die Kasteel aan die Hoof van die Generale Staf, die Ondersekretaris van Finansies en die Kwartiermeester-generaal. Hy lig hulle oor kol. Tanner se plan aangaande die verdeling van beskikbare akkommodasie vir departementele- en museum-doeleindes in en voeg hieraan toe dat sedert Mei j.l. dié plan aanmerklike wysigings ondergaan het. Hy is nou, in November 1921, van oordeel dat die stand van sake — ookal omrede daar belangrike belange by die hele aangeleentheid betrokke is — sorgvuldig heroorweeg moet word.

Allereers dien daar in die behoeftes van die Departement van Verdediging voorsien te word, dan kan soveel moontlik ruimte aan museums en verenigings verstrek word wat belangstel in die bewaring van voorwerpe van nasionale en opvoedkundige belang.

Daar is dus verskillende aspekte wat in gedagte gehou moet word en op grond hiervan stel die Sekretaris van Verdediging voor dat kol. Tanner die aangeleentheid met die *National Society* en ander belangstellendes van die Kaapse Skiereiland bespreek met die bedoeling om voorstelle en planne van hulle te verkry.

b. *'n Komitee. Die beoogde S.A. Oorlogsmuseum. Huisvesting*

Die volgende stap moet dan die daarstelling van 'n klein komitee tydens die aanstaande Parlementsitting wees, waarvan sowel die Sekretaris van Verdediging as kol. Tanner lede moet wees, terwyl die Departement van Binnelandse Sake, ander departemente en verenigings verteenwoordiging moet verkry. Voordat daar verder iets in hierdie rigting onderneem is, het die Minister van Binnelandse Sake, die waarnemende Minister van Verdediging en die Hoof van die Generale Staf (kol. A. J. E. Brink, D.T.D., D.S.O.), 'n bespreking aangaande die Kasteel en die beoogde Suid-Afrikaanse Oorlogsmuseum gehou.

Na aanleiding hiervan vra die Sekretaris van Binnelandse Sake op 10 Desember 1912 aan die Sekretaris van Verdediging hoeveel ruimte daar in die Kasteel beskikbaar gestel kan word vir die huisvesting en uitstal van Suid-Afrikaanse oorlogstrofeë van die Eerste Wêreldoorlog.

'n Aantal van hierdie trofeë is tans op die terrein van die Suid-Afrikaanse Museum aan weer en wind blootgestel, terwyl die administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë onderdak verleen aan 'n ammunisie-uitstalling wat deur die regering van die Verenigde Koninkryk aan die Unieregering geskenk is en 7 000 kubieke voet beslaan.


Behalwe dat die spoorwegadministrasie sy pakhuisruimte doeltreffender kan gebruik, is dit — aldus die Sekretaris van Binnelandse Sake — ook gebiedend dat daar ter wille van die belangstelling van die kant van die publiek 'n passende uitstalplek vir dié versamelings gevind word. Groot kanonne kan dalk op een van die binneplase van die Kasteel opgestel word.

Op 4 Januarie 1922 deel die Kwartiermeester-generaal mee dat 2 groot barakke op die voorste binneplaas van die Kasteel as 'n museum vir oorlogstrofeë beskikbaar is en dat daar plek vir die kanonne op die binneplase is.

c. *Minister Mentz keur die daarstelling van 'n komitee goed*

Op 10 Desember 1921 heg die Minister van Verdediging sy goedkeuring aan die gedagte om, op grond van die versoeke van die *National Society* e.a., tydens die eerskomende Parlementsitting 'n klein komitee in Kaapstad in die lewe te roep waarop verteenwoordigers van die Departement van Verdediging, ander belangstellende departemente, die Kaapstadse stadsraad, die *National Society* e.a. moet dien.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



*Die ingang tot die Kasteel vanaf die binneplein.*
Foto: *Departement van Inligting, Pretoria.*

*The entrance to the Castle from the inner courtyard.*
**Photograph:** *Department of Information, Pretoria.*

3

## *TWEE KOMITEE-VERGADERINGS. BESLUITE*

### a. *Doel en samestelling van die komitee*

Op 12 Desember 1921 stuur die Sekretaris van Verdediging uitnodigings aan sekere amptelike instansies en ander belangstellendes waarin hy die redes vir die wenslikheid van 'n komitee en die werksaamhede uiteensit en die geadresseerdes versoek om tot 'n komitee toe te tree. Twee dae later volg die opdrag aan kol. Tanner om op 'n plan van die Kasteel die bestaande departementele akkommodasie-behoeftes aan te dui sodat dié gegewens as 'n leidraad vir die toekomstige komitee kan dien.

Op 14 Maart 1922 volg dan die oproep om die eerste vergadering in verband met die toekomstige toewysing van akkommodasie in die Kasteel op 22 Maart by te woon[3].

In dieselfde skrywe is die volgende samestelling van die komitee vermeld:

| | |
|---|---|
| Voorsitter : | Sir. H. R. M. Bourne, K.G.E., C.M.G., Sekretaris van Verdediging. |
| Lede : | Kol. H. B. Shawe, I.S.O., Sekretaris van Binnelandse Sake.<br>Genl. W. E. C. Tanner, C.B., C.M.G., D.S.O., Bevelvoerder garnisoen Kaapse Skiereiland.<br>Lt.-kol. F. G. Harvey, C.B.E., D.S.O., Stafoffisier, K-dienste, garnisoen Kaapse Skiereiland.<br>Mnr. W. B. Shand, distrikingenieur, Departement van Openbare Werke, Kaapstad. |
| 'n Verteenwoordiger van elkeen van die volgende : | Die Kaapstadse stadsraad, die *Cape Peninsula Publicity Association*, die *National Society for the Preservation of objects of Historical Interests and Natural Beauty in South Africa.* |

### b. *Die eerste komitee-vergadering*

Behalwe die voorsitter en bogenoemde lede was die volgende verteenwoordigers op 22 Maart 1922 op die eerste komitee-vergadering aanwesig: Raadslid W. Coldicott Gardiner, burgemeester van Kaapstad; raadslid W. J. Thorne, mnr. J. S. Dunn, C.B.E., namens die *Cape Peninsula Publicity Association;* maj. W. Jardine, namens die *National Society;* en die direkteur van die S.A. Museum, dr. L. Peringuey.

Nadat die voorsitter o.m. verklaar het dat die Departement van Verdediging huisvesting vir die garnisoen en die kontrolediens van die vloot benodig, het 'n bespreking gevolg. Die volgende aspekte het in die loop hiervan duidelik op die voorgrond getree:

i. Dit is wenslik dat die Kasteel in hande van die regering bly.

ii. Die regering moet versoek word om die Kasteel soveel moontlik ooreenkomstig sy oorspronklike toestand te restoureer.

iii. Daar moet 'n adviserende komitee in die lewe geroep word wat, m.b.t. vernuwing of restourasie, raad aan die Departement van Openbare Werke verstrek.

iv. die oorlogsmuseum en, indien moontlik ook 'n geskiedkundige museum, moet in die Kasteel gehuisves word.

Melding dien ook gemaak te word van die volgende gedagtes wat beslis invloed op die verdere verloop van sake sou hê:

v. Die gedagte, soos uitgespreek deur die burgemeester van Kaapstad, dat die Kasteel nie alleen aan Kaapstad behoort nie, maar aan die hele Suid-Afrika. Bygevolg beveel hy dat aan die hout- en sinkgeboue buitekant die kasteelmure verwyder word sodat die Kasteel 'n aantreklike voorkoms verkry.

verteenwoordig wees: Die *National Society of South Africa*, die korporasie van die Kaapstadse stadsraad, en die *Cape Peninsula Publicity Association*.

Die funksies van so 'n komitee behoort o.m. te wees om te adviseer op watter wyse die verskillende kenmerke van die gebou, wat van historiese en nasionale belang vir Suid-Afrika is, op die beste wyse tot uiting gebring en op 'n gepaste, onderhoudende en opvoedkundige wyse aan besoekers verduidelik kan word.

v. Vir 'n Suid-Afrikaanse Oorlogsmuseum is daar akkommodasie in die Kasteel beskikbaar. Die versameling waaroor daar reeds beskik word, behoort daar gehuisves en uitgestal te word en onder die Bevelvoerder van die garnisoen van die Westelike Provinsie te val. Dit moenie alleen toeganklik vir die publiek wees nie, maar ook vir opvoedkundige doeleindes vir Suid-Afrikaanse militêre gesagdraers oopgestel te word.

vi. Die gedeelte van die Kasteel wat vroeër die goewerneurswoning was en deur genoemde Bevelvoerder en sy staf gebruik word, is van besondere geskiedkundige waarde.

Hierdie gedeelte van die gebou behoort onder beskerming van die *National Society of South Africa* afgesonder te word met die doel om 'n waardevolle versameling Suid-Afrikaanse oudhede te huisves.

Die Suid-Afrikaanse museum het reeds 'n groot aantal waardevolle items vir so 'n versameling verkry. Dit behoort binne afsienbare tyd moontlik te wees om 'n komitee in die lewe te roep wat dit oorneem en in die voormalige goewerneurswoning uitstal.

Voordat dit geskied, moet die woning gerestoureer en op so 'n wyse verander word dat sowel die versameling as die eertydse goewerneurswoning behoorlik tot hul reg kom.

d. *Sekretaris Bourne se memorandum*

Op 13 April 1922 het die Sekretaris van Verdediging 'n memorandum vir voorlegging aan die Minister van Verdediging opgestel waarby hy die mosies van die vergadering van 12 April 1922 gevoeg het.

Hy stel op grond hiervan voor dat 'n gedeelte van die Kasteel as 'n oorlogsmuseum benut word en dat die Departement van Verdediging die sorg hieroor oorneem nadat 'n komitee onder voorsitterskap van kol. Shawe (Sekretaris van Binnelandse Sake) alles gereed sal hê wat uitgestal word.

Tewens deel hy mee dat genl. Tanner bereid is om die boonste verdieping van die eertydse goewerneurswoning onmiddellik aan die *National Society* beskikbaar te stel om daar Suid-Afrikaanse oudhede ten toon te stel.

Binnekort kan die grondverdieping ook ontruim word. Indien dit moontlik sal wees om fondse te verkry, kan die hele voormalige goewerneurswoning, nadat alles gerestoureer sal wees, vir bogenoemde doel aangewend word.

Vervolgens verklaar die sekretaris dat hy gekant is teen die gedagte om gedeeltes van die Kasteel aan die Departement van Openbare Werke toe te wys. Ofskoon hierdie departement ernstige huisvestingsprobleme in Kaapstad ondervind, ag die Sekretaris van Verdediging sowel as genl. Tanner dit onraadsaam om aan dié versoek gevolg te gee. Dit druis ook teen die mosie in.

Sekretaris Bourne sluit sy memorandum af met die versoek dat die kabinet die aangeleentheid binnekort sal bespreek nadat hy afskrifte van die mosies aan die Sekretaris van Openbare Werke, die Sekretaris van Finansies en die Minister van Mynwese en Nywerheid (Sy Ed. F. S. Malan) gestuur het.

e. *Minister F. S. Malan spreek die jaarvergadering van die „National Society" in die Kasteel toe*

Voordat die kabinet tot 'n beslissing insake die aanwending van die Kasteel gekom het, het Minister F. S. Malan die jaarvergadering van die *National Society* in die danssaal van die Kasteel toegespreek en o.m. gesê:

*They were meeting in the Council Chamber and they met in it as their own . . . The destiny of the Castle — a portion of it, at any rate — was to become a national museum. There were many things that had to be preserved, but they did want a proper and suitable setting*[5].

Tydens die vergadering is o.m. verklaar dat die plaaslike bestaande museums oorvol is, dat oudhede nie alleen bewaar moet word nie maar ook uitgestal moet word, dat 'n museum dringend nodig is en dat, ookal omdat die *National Society* nie oor fondse beskik nie, veral waar die belangstelling in die verlede toeneem, die regering moet help.

f. *'n Belangrike persverklaring*

Op 4 Mei 1922 het die Hoof van die Generale Staf (brig.-genl. A. J. E. Brink) in 'n skrywe aan die Minister van Verdediging hom met die inhoud van die sekretaris se memorandum vereenselwig en o.m. verklaar dat, onder beheer van die Bevelvoerder van die Skeiereiland se garnisoen, 'n oorlogsmuseum in die Kasteel gehuisves moet word.

Tewens het brig.-genl. Brink verklaar dat, tot tyd en wyl daar ander akkommodasie aan die militêre en vlootpersoneel verskaf kan word, die voormalige goewerneurswoning nie vir 'n historiese versameling gebruik kan word nie.

Op 25 Mei deel brig.-genl. Brink telegrafies aan die Sekretaris van Verdediging mee dat, indien genl. Tanner geen beswaar het nie dat die boonste verdieping van die voormalige goeweneurswoning ter beskikking van die *National Society* gestel word, hy bereid is om sy vroeëre skrywe van 4 Mei 1922 só te wysig dat die betrokke gedeelte wel deur die genootskap gebruik kan word mits daar 'n komitee gestig kan word om die noodsaaklike veranderings en die beoogde restourasie te finansier. Ten opsigte van die oorname van die ander verdiepings moet daar, aldus brig.-genl. Brink, geen wanindruk by die *National Society* geskep word nie. Tot tyd en wyl daar geen ander voorsiening vir die huisvesting van weermagspersoneel gemaak is nie, bly die res van die betrokke gedeelte benodig.

Op 30 Mei 1922 het die Sekretaris van Verdediging 'n amptelike verklaring gereed gehad wat uitgereik en o.m. in die *Cape Times* van 31.5.1922 en *Die Burger* van 1.6.1922 gepubliseer is.

In hierdie amptelike verklaring is die verloop van sake, met as hoogtepunt die voorstelle van 12 April 1922, bekend gemaak. Die Minister van Verdediging, so lui die verklaring verder, het die mosies oorweeg en sy goedkeuring hieraan geheg, behoudens die volgende:

i. Dat m.b.t. die beoogde opknapping en restourasie van die Kasteel 'n komitee gevorm word bestaande uit verteenwoordigers van die stadsraad van Kaapstad, die *Nationale Vereniging van Zuid-Afrika* en die *Kaapse Schiereiland Publisiteits Vereniging* om 2 funksies uit te voer, t.w.: Om uitvoering te gee aan die opstel van 'n skema om die *uiterlike* van die Kasteel te verbeter, en om in 'n raadgewende hoedanigheid te handel om die *binnekant* van die Kasteel op te knap[6].

   Die Bevelvoerder, Kaapse Skiereiland, en die plaaslike distrikinspekteur van die Departement van Openbare Werke moet *ex officio* lede van die komitee wees.

ii. Die komitee van die *Zuid-Afrikaanse Oorlogsmuseum* sal die oorlogstrofeë, dokumente en belangwekkende voorwerpe onder sy sorg in 'n paslike, hiervoor bestemde gedeelte in die Kasteel rangskik en uitstal.

   Daarna sal die Bevelvoerder, Kaapse Skiereiland, die versameling onder sy sorg neem, hiervoor verantwoordelik wees en onder normale omstandighede reëlings tref om dit op gerieflike tye aan die publiek te vertoon.

   In tye van oorlog of onder ander dringende omstandighede kan die museum vir die publiek gesluit en die voorwerpe tydelik verwyder word. Die ruimte wat op dié wyse vrykom, sal dan — indien omstandighede dit vereis — vir militêre doeleindes benut word.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



*Die Kat-pui van die Kasteel, Kaapstad.*
Kopieregfoto: *SATOER, Pretoria.*

*The "Kat," the Castle, Cape Town.*
Copyright photograph: *SATOUR, Pretoria.*

iii. Dit is onmoontlik om onmiddellik 'n gedeelte van die voormalige goewerneurswoning vir museumdoeleindes af te staan. Sodra die nuwe landdroshof voltooi is, sal die boonste verdieping vermoedelik beskikbaar gestel kan word. Die onderste verdieping kan nie beskikbaar gestel word nie, voordat fondse verkry is om die ander huisvesting vir militêre doeleindes (kantore) in die Kasteel aan te bring.

Voordat toestemming deur die minister verleen word om 'n gedeelte van die eertydse goewerneurswoning te oorhandig, moet daar 'n verteenwoordigende liggaam gevorm word om 'n program voor te lê t.o.v. die beoogde restourasie en veranderings. Tewens moet hierdie liggaam oor die nodige fondse beskik of die benodigde kapitaal uit ander bronne kan verkry. Dit regering sal nie kan bydra nie.

Indien 'n gedeelte van die vroeëre goewerneurswoning oorhandig word, sal dit, net soos bogenoemde gedeelte, onderhewig wees aan beskikbaarstelling vir militêre doeleindes indien dit vereis is.

Die Bevelvoerder sal ,tot tyd en wyl bogenoemde oorhandiging nog nie moontlik is nie, 'n kamer vir vergaderings e.d.m. aan die *Nasionale Vereniging van Zuid-Afrika* beskikbaar stel.'

g. *Perskommentare*

In die *Cape Times* van 31.5.1922 is, onder die opskrif *Future of the Castle,* die amptelike verklaring toegejuig.

*Historical sentiment and military necessity are blended happily in the settlement arrived at, and it is difficult to see what better use could have been made of the opportunity which the transfer has presented.*

Daar is verder melding gemaak van die verheugende feit dat die kern van die *Z.A. Oorlogsmuseum* onmiddellik in die Kasteel gehuisves sal word en dat oor 'n paar maande 'n gedeelte en mettertyd die hele voormalige goewerneurswoning as 'n tuiste vir 'n historiese versameling beskikbaar gestel sal word nadat die minister tevrede gestel sal wees dat daar 'n verteenwoordigende liggaam met 'n definitiewe program t.o.v. die beoogde restourasie en boukundige veranderings bestaan.

Ook is kol. Mentz se sienswyse m.b.t. die opknapping van die omgewing van die Kasteel deur die skrywer van hierdie hoofartikel geprys.

In *Die Burger* van 1.6.1922 is die aankondiging se betekenis op 'n ander wyse benader. In die hoofartikel *Die Kasteel se Bestemming* is uitgegaan van die gedagte dat die Kasteel in sy oorsprong 'n militêre bouwerk is wat gedien het om die jong nedersetting te verdedig.

Dan skrywe die skrywer in sy artikel soos volg:

*Daar sal mense wees wat liewer die gedenkteken wou bestem sien tot herinnering van die verlede. Die ou Kasteel waarvan een dag na die aankoms van Van Riebeeck aan Tafelbaai reeds die eerste werk begin het, skyn as voorbestem om in ons dae die setel te wees van alles wat aan daardie verlede herinner.*

*Dit is egter 'n illusie. Binne die mure sal weer die stap van die militêr, weer die geratel van sabels weerklink. Daar sal plekke afgesonder word vir geskiedkundige merkwaardighede en 'n oorlogsmuseum. Veel van wat in die loop van tyd verdwyn het of verbou is, sal in sy oorspronklike staat herstel word.*

Verder word die besluit verwelkom dat die publiek toegang tot die Kasteel sal behou.

Die skrywer eindig sy beskouing, nadat hy na die oorlogsmuseum verwys het, met die volgende wens:

*Ons vertrou dus dat die oorlogsmuseum wat daar kom, nie net die herinnering sal lewendig hou aan die Groot Oorlog, wat nog as 'n ontsetting op ons druk, maar dat in die eerste plek vir die byeenbringing van herinnerings uit die verlede van die Kasteel self gesorg word.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

4

## *DIE ADVISERENDE KOMITEE EN SY WERKSAAMHEDE T.O.V. OPKNAPPINGSWERK*

a *Die tydperk 30 Mei 1922 — 15 November 1922*

Op 30 Mei 1922 stuur die Sekretaris van Verdediging afskrifte van die amptelike persverklaring aan die Sekretaris van Binnelandse Sake, die Sekretaris van Openbare Werke, maj. W. Jardine *(National Society)*, die voorsitter van die *Cape Peninsula Publicity Association* (mnr. J. S. Dunn, M.B.E.) en die burgemeester van Kaapstad (raadslid W. Coldicott Gardiner) en vra hul medewerking om hul deel daartoe by te dra dat die planne, soos uiteengesit en goedgekeur deur die Minister van Verdediging, na verloop van tyd verwesenlik word.

Op 19 Julie ontmoet laasgenoemde die komitee, bestaande uit die Bevelvoerders van die garnisoen, Kaapse Skiereiland; die distrik-ingenieur, Departement van Openbare Werke; 2 verteenwoordigers van die plaaslike stadsraad en die verteenwoordigers van die *Cape Peninsula Publicity Association* en die *National Society*, by geleentheid van die eerste vergadering, in Kaapstad.
As eerste taak is aan die komitee opgedra om 'n plan m.b.t. die naaste omgewing van die Kasteel op te stel en vervolgens vir goedkeuring deur die regering aan die Minister van Verdediging voor te lê[7].

Daar bestaan verder aanduidings dat hierdie komitee in 'n tweetal onderkomitees verdeel is, t.w. een bestaande uit die distrik-ingenieur, dr. L. Peringuey en lt.-kol. Harvey en bedoel om reëlings vir die daarstelling van die oorlogsmuseum in die Kasteel te tref, en 'n ander wie se taak dit was om verbeterings t.o.v. die Kasteel en sy omgewing te beplan[8].

Aangaande die werksaamhede van eersgenoemde onderkomitee bevat die geraadpleegde dokumente geen besonderhede nie, t.o.v. die bedrywighede van die tweede is die volgende belangrike gegewens aangetref: Besonderhede aangaande die vernuwing en restourasie van die *Kat-portiek en -balkon* en die oordrag van aangrensende terrein deur die stadsraad van Kaapstad aan die Departement van Verdediging vir verfraaiingsdoeleindes.

b. *Die Kat-portiek en -balkon*

Verskeie vooraanstaande Suid-Afrikaanse skrywers, soos dr. C. Graham Botha en prof. G. E. Pearse, het geskiedkundig, argitektonies en andersins oor hierdie pragtige ingang van die eertydse goewerneurswoning van die Kasteel geskrywe[9].

Eersgenoemde skrywer vermeld o.m. dat hierdie ingang van die vroeëre goewerneurswoning tydens die V.O.C.-bewind dié plek was waar belangrike amptelike aankondigings aan die garnisoen en die burgers voorgelees is nadat die kasteelklok gelui het om belangstellendes en belanghebbendes op te roep om op die voorste binneplaas van die Kasteel bymekaar te kom[10].

Op dieselfde plek is vooraanstaande Kompanjiesamptenare, soos nuwe goewerneurs verwelkom, terwyl bekende buitelandse besoekers soos kapt. James Cook en goewerneur-generaal Dupleix deur die Kaapse goewerneurs ontvang is.

Op Nuwejaarsdag het amptenare en burgers hier vergader om hul beste wense aan die goewerneurs te kom aanbied.
En in 'n volgende studie, *The Preservation of our National Monuments*, stel dieselfde outeur, ook m.b.t. die pui van die Kat, die volgende vraag:

> *What must we do to preserve these relics of another age? Is it necessary to awaken the people of the Country of their national responsibility*[11].

Die ministeriële verklaring van Mei 1922 is 'n bewys dat daar t.o.v. die Kasteel 'n ontwakingsproses aan die gang was. Nie alleen besit, soos aangetoon, die Kat-pui 'n belangrike geskiedkundige waarde nie, maar argitektonies beskou is dit ook die geval. Prof. Pearse het, in sy genoemde werk, die bouwerk

as een van die mooiste voorbeelde van die outydse argitektuur in Kaapstad bestempel en dit aan Thibault en Anreith toegeskrywe. Hy het die pui as sierlik beskrywe en veral die voortreflike verhoudings geroem.

c. *Die opknapping en restourasie van die Kat-pui*

Die korrespondensie oor die beoogde opknapping van die Kat-pui of *portico*, soos dit in die in Engels opgestelde argiefstukke genoem is, begin met 'n skrywe van die Kaapstadse distrikingenieur, Departement van Openbare Werke, aan die sekretaris van genoemde departement van 30 November 1922 waarin eersgenoemde o.m. na mnr. B. Smith se prysopgaaf van 15 November 1922 *for carrying out the modelling work on the "Kat" portico proposed to rebuilt*, verwys.

Hieruit, sowel as uit besonderhede wat mnr. Smith in sy tender vermeld het, word dit duidelik dat die betrokke departement in November 1922 voornemens was om een van die mooiste nog bestaande voorbeelde van ons outydse argitektuur in Kaapstad af te breek en te herbou. Sowel die kiaathoutsuile as die balke en die plafon sou verwyder en deur 'n betonkonstruksie vervang word.

Voordat dit sou geskied, sou mnr. B. Smith, aldus sy voorstel, eers tekeninge en fotos op ware grootte van die versierings maak, die onduidelike en beskadigde gedeeltes so goed as moontlik nateken, vervolgens nuwe modelle vervaardig en daarna alles in beton hermodelleer[12].

In dieselfde skrywe het die distrikingenieur voorgestel dat die kiaathoutsuile deur, klip, stene of kolomme van gewapende beton vervang word. Dit uitvoering van al hierdie werksaamhede sou R2 110 of R3 700 kos, terwyl sowel maj. Jardine as Unie-argivaris C. Graham Botha die voorstelle van mnr. Smith goedgekeur het.

Op 17 Februarie 1923 het die Hoof van die Generale Staf aan die Bevelvoerder, garnisoen Kaapse Skeireiland, meegedeel dat die Minister van Verdediging dit goedgekeur dat die benodigde fondse vir die beoogde werksaamhede givind word, maar dat die bevelvoerder, as voorsitter van die komitee, die voorstelle van die distrikingenieur moet oorweeg en die mening van die komitee moet verkry of genoemde voorstelle die beste is om uitgevoer te word.

Die komitee het gedurende die volgende maande die mening van plaaslike argitekte ingewin en op 10 April 1923 het die Kaapstadse argitek James Morris[13] aan genl. Tanner meegedeel dat hy, na 'n deeglike ondersoek ter plaatse, tot die gevolgtrekking gekom het dat die pui, ofskoon dit in 'n slegte toestand verkeer, gered kan word en dat hy aanbied om die restourasie kosteloos uit te voer.

Reeds voordat argitek Morris tot hierdie gevolgtrekking gekom het, het die komitee reeds op 13 Maart 1923 die volgende mosie aangeneem:

> *That every effort be made to retain the Portico of the Kat at the Castle as near as possible with its present feature. That it should be shored up and separate portion critically examined and replaced or restored as may be found necessary in each individual portion. That the lime concrete roof be removed and a metal covered roof substituted. The feeling of the Committee being that the Portico should be saved rather than be demolished and reconstructed anew.*

Argitek Morris se reeds genoemde verslag het, nadat die argitek alles ter plaatse verduidelik het, tydens die komiteevergadering van 18 April 1923 ter sprake gekom.

Terwyl argitek Morris sy sienwyse herhaal en verklaar het dat die uitvoering van die vernuwings- en restourasiewerk tussen R2 400 en R4 000 sal kos, het mnr. W. B. Shand (Openbare Werke) sy departement se mening herbevestig. Eenparig is daarna besluit om argitek Morris se voorstel te aanvaar en hom van ganser harte dank te betuig vir sy gewaardeerde aanbod.

Nadat die Departement van Openbare Werke in die geleentheid gestel is om skriftelik kritiek m.b.t. argitek Morris se voorstel in te dien en 'n bespreking van al die betrokkenes met die Minister op 26 Mei 1923 gevolg het, is die komitee se besluit herbevestig. Die werksaamhede sou onder leiding van argitek Morris uitvoer word en die Minister van Verdediging het die Sekretaris van Openbare Werke versoek dat vakkundiges van laasgenoemde departement, indien vereis, die argitek van advies moet bedien en hom hulp moet verleen[14].

**d.** *Herstelwerk en verwydering van geboue. Die S.A. Polisie*

Van belang is dat die Hoof van die Generale Staf op 4 Mei 1923, met verwysing na 'n onderhoud wat die Minister van Verdediging op dieselfde dag met lt.-kol. Harvey en kapt. Ffrench Mullen gehad het, finansiële magtiging verleen het vir die volgende dienste wat onmiddellik i.v.m. die Kasteel uitgevoer moet word:

| | |
|---|---|
| Verwydering van bestaande geboue op die paradeterrein na geskikte plekke in die grag of elders | R1 000 |
| Verandering van die kerk in 'n drilsaal vir Seekadette | R 400 |
| Opknappingswerk van die oppervlakte van die agterste binneplaas | R1 300 |
| Vlakmaak van paradeterrein | R 600 |
| Herstel van dakke | R 800 |
| Skilder van blokke E. en F. | R 600 |
| Totaal | R4 700 |

Terwyl 'n gedeelte van hierdie werksaamhede deur departementele werkkragte uitgevoer is en die Hoof van die Generale Staf op 3 Mei 1923 opdrag gegee het dat sekere hope grond naby die spoorlyn verwyder en die oop stukke grond in en rondom die Kasteel skoongemaak en, waar nodig, opgevul en herstel moet word, is tenders deur die Unie-tenderraad gevra m.b.t. beoogde veranderings t.o.v. die skool by die Kasteel en die verplasing van hulle by die glooiing van die walle. Tenders moes bogenoemde raad voor of op 13 Julie 1923 bereik.

Ten slotte dien nog vermeld te word dat die S.A. Polisie vanaf 1 Desember 1921 tot 31 Maart 1923 huur aan die Bevelvoerder, garnisoen Kaapse Skiereiland, betaal het vir die gebruik van 10 kantore in blok B, op die eerste verdieping van die Kasteel en dat, ooreenkomstig Wet No. 33 van 1922, die Minister van Verdediging op 17 Mei 1923 die vereiste sertifikaat uitgereik het dat genoemde kantore nie deur die U.V.M. benodig is nie[15].

**e.** *Terrein verhuur*

Die eerste keer dat die oordrag van 'n oop stuk grond, begrens deur die Kasteel (voor die bolwerke Nassau, Oranje, Leerdam en Buren, die sir Lowryweg, Darlingstraat en 'n gedeelte van Buitenkantstraat), ter sprake gekom het was in 'n skrywe m.b.t. die verbetering van die terrein rondom die Kasteel wat op 28 Julie 1922 deur stadsklerk J. R. Finch, adviserende argitek Fred. M. Glennie en maj. W. Jardine namens die onderkomitee aan genl. Tanner gerig is.

Behalwe dat die opstellers van hierdie skrywe o.m. op die verwydering van alle tydelike hout- en sinkgeboue tussen die Kasteel en Buitenkant- en Darlingstrate en 'n skilderswinkel op die ravelyn, naby die hoofingang, die restourasie van die ravelyn, die verwydering van elektriese drade aan die kloktoring en die skoonmaak en restourasie van die oop stuk grond tussen die twee genoemde strate en die Kasteel aandring[16], vermeld hulle verder:

*That the suggestion made by the Minister for Defence (Colonel Mentz) that the City Council should take over the supervision and care of the open space adjoining Buitenkant and Darling Streets, be followed up with a request that if possible the Improvements and Parks Committee of the Council will arrange for the planting of suitable shade and other trees along the fence adjoining the thoroughfares.*

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Op 14 September 1922 dra die Sekretaris van Verdediging die bevelvoerder van die garnisoen van die Kaapse Skiereiland op om, ooreenkomstig die aanbeveling, met die stadsraad van Kaapstad in verbinding te tree.

Wysigings is hier en daar in die oudste konsep-ooreenkoms aangebring en op 25 April 1923 versoek die Hoof van die Generale Staf dat die prokureursfirma die gewysigde konsep na die stadsraad deurstuur waarin, namens die Unieregering, die kwartiermeester-generaal, kol. Carolus Brink, as verhuurder en die stadsraad van Kaapstad as huurder van 'n sekere terrein in die Moederstad beskrywe is.

Die huurder sou, volgens die konsep-ooreenkoms, onderneem om die genoemde en omskrewe eiendom uitsluitend as 'n openbare park in te rig en in stand te hou.

Die huurtydperk is op 25 jaar, beginnende op 1 Januarie 1923, vasgestel. Verlenging is vir dieselfde tydperk in die vooruitsig gestel en die huurgeld op 25 sent per jaar vasgestel. Reg van toegang tot die Kasteel is voorbehou, terwyl die huurder verbied is om geboue op die terrein op te rig wat hinderlik vir die historiese voorkoms van die Kasteel is. Ook is die reg deur die verhuurder voorbehou om, indien die terrein of 'n gedeelte daarvan vir verdedigingsdoeleindes benodig sou wees, die huurder te versoek om dit, onder sekere voorwaardes, terug te gee.

Op 5 Junie 1923 is die kwartiermeester-generaal deur die waarnemende Hoof van die Generale Staf versoek om die ooreenkoms te voltooi en dit dan vir ondertekening aan die stadsraad te stuur.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## SUMMARY

In this contribution an effort has been made to sketch what happened to the Castle "De Goede Hoop," after the Union Government on 1 December 1921 accepted the full responsibility for the landward defence measures of the Union of South Africa and, at the same time, assumed responsibility for all military measures with regard to the defence and security of the Union.

Even prior to this important day in our military history several thoughts concerning the future of the Castle were expressed.

Maj. genl. C. W. Thompson, C.B., C.M.G., Imperial Officer Commanding Western Province (1913-1916) set a laudable example as regards conservation and restoration.

Gen. J. C. Smuts mentioned the possibility, presumably in 1919, to convert the Castle into a type of South African *Tower*.

Locally, the *National Society for the Preservation of Historical Interests and Natural Beauty in South Africa* declared itself in favour of conservation and restoration. Plans also took shape for accommodating a future South African War Museum and an historical museum in a section of the Castle.

In addition, several State Departments faced with accommodation problems, cast hungry eyes at the Castle.

In 1922, the Secretary for Defence, Sir H. R. M. Bourne, K.B.E., C.M.G., with approval of his minister, Col. H. Mentz, D.T.D., established a committee composed of representatives of interested State Departments, Genl. W. E. C. Tanner, C.B., C.M.G., D.S.O., the Cape Town City Council, the *Cape Peninsula Publicity Association* and the *National Society*, to set the ball rolling and formulate a policy in regard to departmental accommodation and the idea of a museum, for submission to the Minister of Defence.
The discussions led to an important ministerial policy statement which was released in May 1922.

Within the period 1922-1923 this led to the renovation and restoration of the well-known "Kat" porch and balcony; a better name would have been "Katpui." Unsightly buildings within and around the Castle were removed, other repair work was undertaken and by clearing up and renovating the adjoining grounds the City Council of Cape Town also made its contribution to beautifying the Castle surroundings.

The Castle retained its former military function as the seat of the Officer Commanding Western Province Garrison. In addition, a policy was laid down in the same period, to recognise the Castle and its surroundings as a worthy monument that would, at the same time serve as a treasury of our rich past.
Posterity owes a debt to those who contributed to this achievement prior to, during and after the period of 1921 to 1923.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## AANTEKENINGE

1 Die volledige titel van die wet is *Wet Om voorziening te maken voor de overneming door de Unie Regering van alle gronden en gebouwen gelegen in die Unie behorende aan het Departement van Oorlog, en van zekere Admiraliteitsgronden in de Unie; voor het behoud van dezelve voor verdedigings doeleinden, en voorts om zekere financiële en andere regelingen te maken ten opzichte van aangelegenheden in verband daarmee* Gepubliseer in *Wetten en Statuten van de Unie van Zuid-Afrika 1922,* (Cape Town, 1922), pp. 368, 369 e.v.

2 Op 'n komiteevergadering wat, onder voorsitterskap van die Sekretaris van Verdediging, op 20.3.1922 in Kaapstad gehou is, het raadslid Thorne (Kaapstad) melding gemaak van 'n bespreking wat 2 of 3 jaar gelede met genl. Smuts gevoer is. Die gedagtes het, by dié geleentheid, in die rigting van 'n museum soos die Londense *Tower* of *Edinburgh Castle,* Skotland, gegaan.

3 Die vergadering is in die kantoor van die Sekretaris van Verdediging, Ou Hooggeregsgebou, ingang Parlementstraat, Kaapstad, gehou.

4 Bevelvoerder Westelike Provinsie 21.6.1913-13.8.1916.

5 *Cape Times, Kaapstad,* 1.5.1922. *Relics of bygone days.* Uit die verslag blyk dit ook dat die *National Society* met die regering onderhandel het *to secure the portion of the Castle known as "Old Government House" or at least the ball room portion, including the famous Kat . . . .*

Tydens die jaarvergadering is die nuwe bestuur gekies bestaande uit: Minister F. S. Malan (herkies, voorsitter), sen. Churchill (vise-voorsitter), mnr. F. M. Glennie (herkies, ere-sekretaris), mnr. W. E. Ranby (ere-tesourier), raadslede: Lady Beck, mej. F. Bolus, mej. Fairbridge, mnre. Graham Botha, A. Elliot, J. R. Finch, maj. Jardine, dr. L. Peringuey, mnre. F. K. Kendall en J. Morris, kol. sir. W. E. Stanford, mnr. S. C. Cronwright-Schreiner.

6 T.o.v. die *eerste* funksie is verder verklaar: Die skema moet deur die regering goedgekeur word. Daarna volg samewerking met die Departement van Verdediging om dit uit te voer. Fondse moet gevind word om die bestaande afsigtelike geboue rondom die Kasteel te verwyder. Materiaal en arbeid moet verskaf word sonder dat materiaal spesiaal aangekoop of arbeiders gehuur word.

7 Uit die beskikbare korrespondensie is af te lei dat behalwe genoemde departementele teenwoordigers die volgende lede van die komitee was: Maj. Jardine *(Nat. Society),* mnr. J. S. Dunn (plaasvervanger: Mnr. W. J. Thorne), *(Cape Peninsula Publicity Association),* die burgemeester en die stadsklerk van Kaapstad. Mnr. F. M. Glennie is as alternatief vir maj. Jardine aangewys.

8 In die geraadpleegde lêer is ongelukkig geen notule van vergaderings wat na 12.4.1922 gehou is, voorhande nie. Op 2.6.1922 vra die Sekretaris van Binnelandse Sake aan die Sekretaris van Verdediging of 'n onderkomitee gevorm kan word omdat sekere veranderings aangebring moet word aan die 3 vertrekke waar die trofeë in die Kasteel gehuisves gaan word. Op 14.6.1922 keur genl. Tanner die benoeming van lt.-kol. Harvey goed. Op 21.6.1922 antwoord genl. A. J. E. Brink dat, na aanleiding van 'n wenk van genl. Tanner aan die Sekretaris van Verdediging, die oorbring van trofeë na die Kasteel sal oorstaan tot tyd en wyl daar plek is.

9 C. Graham Botha: *General History and Social Life of the Cape of Good Hope,* (Cape Town, 1962). Deel I, pp 60-70; G. E. Pearse: *Eighteenth Century Architecture in South Africa,* (Cape Town, 1968). Pp. 37-38 en afbeeldings.

10 In hierdie verband stel prof. Pearse voor dat die huidige, volgens hom foutiewe benaming, deur die woord *pui* vervang word (p 37).

11 C. Graham Botha, p 69.

12 Die gedeeltes wat hiervoor in aanmerking sou kom, is soos volg omskrywe: *No. 1. Central shield with crown and arms and reclining boys: 10 feet x 3 feet. No. 2. Panels each side of above, with arms and armour, etc.: 6 feet 6 x 2 feet. No. 3. Oak leaf wreaths and sways: 4 feet x 2 feet. No. 4. Pateras 1 foot x 1 foot. Also ornament on urns.* Tender: R960.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 2 Nr 2, 1970. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

13 Van die firma Kendall en Morris, Rhodesgebou, St. Georgestraat, Kaapstad.

14 Verdere gegewens ontbreek. Alles is, volgens prof. E. G. Pearse in sy aangehaalde werk (p 38), sorgvuldig deur argitek Morris gerestoureer.

15 In dieselfde sertifikaat is ook hut no. 37, ruskamp, Wynberg genoem.

16 Verder is aanbeveel dat bome in die Kasteel en die grag verwyder en die terrein tussen die grag en die bastion Buren skoongemaak en hekpale gerestoureer moet word. Kanonhuise, waarvan een by die bastion Katzenellenbogen, moet verwyder en bome naby die grondwerke op die Kasteel se *glacis* geplant word.